higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

5 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Onwaar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 D
2.2 F
2.3 L
2.4 J
2.5 I
2.6 G
2.7 E
2.8 B
2.9 A
2.10 C

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

3.1 Portuurgroep/eweknieë
3.2 Roetine-areas
3.3 Uitspraak
3.4 Estetika
3.5 Klassifikasie/sortering
3.6 Tema
3.7 Kreatiwiteit/skeppend wees
3.8 Kognitiewe funksie/kognisie
3.9 Ouditoriese diskriminasie
3.10 Konstruksiespel

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Elke peuter moet sy/haar eie slaaparea of matras hê, met sy/haar eie kombers en kussing.
- Dit behoort weg van verkeer en in 'n stil area te wees.
- Die beligting moet gedemp wees, en 'n bietjie donkerte toelaat. (3)

4.2
- Die sintuie word ontwikkel wanneer die kind verskillende materiale hanteer.
- Fisiese ontwikkeling: Groot en klein spiere ontwikkel wanneer kinders sand en modder opskep. Dit verbeter fyn motoriese vaardighede.
- Dit ontwikkel oog-hand-koördinasie.
- Sosiale ontwikkeling vind plaas wanneer die kind tydens waterspel met ander kinders speel.
- Emosionele ontwikkeling: Onafhanklikheid ontwikkel as 'n kind vir haar/homself dinge kan doen. Dit verlig spanning/stres. Kinders hou van morsige spel/brouspel.
- Taalontwikkeling: Kinders leer nuwe woorde en konsepte, soos byvoorbeeld swaar en lig.
- Intellektuele stimulasie: Kinders ontdek die eienskappe van voorwerpe.

(Enige 5 × 2) (10)

4.3
- Dit moet groot genoeg wees om al die items in te sluit.
- Dit moet laag genoeg wees, sodat die kinders daarop kan afkyk, en aan die items kan vat/raak.
- Die tafel moet in 'n stil area wees, sodat die kinders ongesteurd kan werk.
- Daar moenie 'n tafeldoek op die tafel wees nie, aangesien die kinders daar gaan werk.
- Al die items kan op dieselfde vlak wees, sodat die kinders maklik daarmee kan omgaan/dit maklik kan hanteer.
- Geen naamkaartjies of etikette is nodig nie, aangesien die items rondgeskuif gaan word.
- Die kinders kan items van die huis af bring om by die items op die tafel te voeg.
- Al die items moet veilig wees, sodat die kinders dit op hul eie kan hanteer.
- Die items moet vir ten minste 'n week gelaat word, sodat al die kinders dit kan hanteer.
- Die items wat op die tafel geplaas word moet eksperimentering en die ontdekking van verskillende konsepte aanmoedig. (10)

4.4
- Klein swaaie
- Motorbande om deur te kruip
- Balle
- Boontjiesakkies
- Klein glyplanke
- 'n Lae balansbalk
- Driewiele
- Skopfietse
- Houtwaentjies
- Betonpype
- Groot kartondose
- 'n Junior klimraam

(Enige 5 × 1) (5)

4.5
- Die deure moenie na buite oopmaak nie, maar na binne.
- Die deure moet hakies of kussinkies hê wat verhoed dat hulle slaan.
- Glasdeure moet van veiligheidsglas gemaak wees.
- Houtdeure moet glad afgewerk wees. Daar moet geen splinters wees nie.
- Die deurhandvatsels moet op 'n laer vlak wees, sodat die peuters dit maklik kan hanteer/bykom. (5)

4.6 4.6.1
- Fantasie-area
- Konstruksie-/blokkiespeelarea
- Boekarea
- Kreatiewe area
- Nuuskierigheids- of ontdekkingsarea (5)

4.6.2
- Aktiwititeitsareas moedig kreatiwiteit, nuuskierigheid en eksperimentering aan.
- Hierdie areas moedig kinders aan om onafhanklik te wees, besluite te neem, en probleme op te los.
- Aktiwiteitsareas maak dit vir die kinders moontlik om onafhanklik, in klein groepies, of individueel saam met die onderwyser te werk.
- Hierdie areas maak groter gebruik van die sintuie moontlik.
- Sosiale vaardighede ontwikkel soos wat die kinders met mekaar praat en omgaan.
- Dit help die kinders om meer verantwoordelik te wees.
- Dit verbeter kommunikasie. (Enige 5 × 2) (10)

4.7
- Fantasiespel is waar die kind hom/haar in rolle wat hy/sy in die werklikheid waarneem verbeel/indink, en dit uitspeel.
- Dit staan bekend as verbeeldingspel, dramatiese spel of voorgeespel/skynspel. (2)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Skriftelike beplanning bevorder spanwerk wanneer opvoeders saam beplan en hul idees en bronne deel.
- Dit gee die educare-werker meer selfvertroue en laat hom/haar seker voel.
- Die educare-werker het 'n spesifieke doelwit wat met elke aktiwiteit bereik moet word.
- Hy/sy kan al die nodige bronne wat hy/sy vir die les nodig gaan hê bymekaarmaak.
- Die educare-werker sal goed voorbereid wees, omdat sy/hy vooraf aan alles kan dink wat sy/hy kan doen.
- Indien die educare-werker 'n verslag aan 'n sielkundige of prinsipaal moet skryf, sal hy/sy weet wat hy/sy gedoen het, omdat hy/sy 'n rekord van alles het.
- Beplanning sal die educare-werker met die volgende jaar se beplanning help, aangesien die lesse reeds beplan is, en aangepas kan word om nuwe idees by te voeg.
- Dit moedig in-diepte beplanning van die kurrikulum aan.
- 'n Aflosonderwyser sal moontlik die lesse kan voortsit, op grond van die inligting wat in die skriftelike plan verskyn.
- Dit herinner die educare-werker wat reeds gedoen is en wat nog gedoen moet word, sodat sy/hy nie sommige goed vergeet nie. (10)

5.2
- Die kinders hoor en geniet die ritmes van 'n taal.
- Liedjies en rympies prikkel hul verbeelding.
- Dit brei hul woordeskat en kennis uit.
- Dit bevorder hul selfbeeld en gee vir hulle 'n gevoel van sukses/prestasie as hulle 'n rympie kan opsê.
- Dit help om hul ouditiewe geheue te ontwikkel. (5)

5.3
- Moenie die boeke skeur nie.
- Moenie in of op die boeke skryf nie.
- Plaas die boek terug op die plek vanwaar dit geneem is, en moet dit nie na 'n ander area toe neem nie.
- Eet word nie in die boekhoekie toegelaat nie.
- Was altyd hande voordat jy die boekarea binnegaan. (5)

5.4
- Al die educare-werkers in die sentrum moet as 'n span saamwerk.
- Elke educare-werker is vir 'n spesifieke area verantwoordelik.
- Elke educare-werker moet die kinders in haar/sy area waarneem en 'n verslag oor daardie spesifieke aktiwiteit skryf.
- Sy/hy moet al die probleme wat in daardie area voorkom, hanteer.
- Beplanning is baie belangrik en al die educare-werkers moet beplan hoe dinge gedoen gaan word.
- Personeelvergaderings moet gereeld gehou word om al die personeellede op hoogte van die nuutste ontwikkelinge te hou. (Enige 5 × 2) (10)

5.5

KRITERIA VIR DIE KEUSE VAN STORIES	JA	NEE
Het die storie 'n eenvoudige storielyn met net een hoofkarakter?		
Is die storie op die werklikheid, en nie fantasie nie, gebaseer?		
Is die prente helder en kleurvol, sodat dit die kind se aandag trek?		
Is daar onsinnige/verspotte woorde in die boek waarvan peuters hou?		
Is die storie baie oordrewe?		
Is die storie kort, sodat dit in 'n enkele lesing/sitting klaargemaak kan word?		
Het die boek 'n verrassingselement soos opwipprente?		
Is daar herhaling en rym in die storie?		
Is die boek van harde karton gemaak?		
Is daar min woorde en baie prente?		

(10)

5.6
- Die temas wat gekies word moet by die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die peuter pas.
- Die temas moet die kind interesseer.
- Sluit 'n kulturele perspektief by die temas in waar moontlik.
- Sluit nasionale geleenthede soos jeugdag en dies meer in.
- Die fokus moet op die kind se ervaring wees.
- Maak seker dat jy met iets begin waarmee die kind bekend is, byvoorbeeld die liggaam, en gaan dan na ander aspekte wat op sy/haar lewe betrekking het.
- Die temas moet uitdagend wees.
- Bied 'n verskeidenheid van temas aan.
- Die temas moet realisties wees.
- Die temas moet met die kind se omgewing verband hou. (10)

[50]

VRAAG 6

6.1
- A3-karton of -papier
- Verf
- Viltpenne
- Potlode
- Viltpenne (Enige ander redelike antwoord) (5 × 1) (5)

6.2 Maandag: Maak 'n collage/plakskildery van blomme wat hulle in die tuin gepluk het.
Dinsdag: Verf blomme met helder kleure op papierborde.
Woensdag: Maak vase van kartondose en plak uitgesnyde blomme daarop.
Donderdag: Teken 'n tuin met groot kryte en papier.
Vrydag: Maak blomme uit kleideeg.
(Enige ander redelike antwoord MAAR dit moet 'n kreatiewe/skeppende aktiwiteit wees wat met die tema verband hou.) (5 × 2) (10)

6.3
- Simbale
- Klokke
- Tamboeryne
- Driehoeke
- Ratels/skudders
- Dromme

(Enige instrument wat met die hand geslaan, geskraap of gevryf, of teen 'n ander soortgelyke instrument geslaan word, en wat by die ouderdom van 'n peuter pas) (Enige 5 × 1) (5)

6.4
- Hy/sy mag skaam wees.
- Hy/sy mag selfbewus wees.
- Hy/sy mag nie die woorde hoor nie (mag 'n gehoorprobleem hê) (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

6.5

AKTIWITEIT	HULPMIDDELE	DOEL(WIT)	
INLEIDING			
Stel die media aan die peuters voor (OF enige ander relevante aktiwiteit). (2)	Media (OF enige ander hulpmiddel wat in die inleiding gebruik word) (2)	• Om die peuters se aandag te kry • Om vir die les voor te berei (2)	(6)
INHOUD			
Laat die peuters hul hande in verf doop vir handverf OF modderspel of sandspel of waterspel of kleideeg (OF enige ander relevante morsige/brouspel-aktiwiteit. Aktiwiteit moet gepas vir hul ouderdom wees. (5)	Verf of enige ander relevante hulpmiddel wat vir die aktiwiteit nodig is (2)	Sensopatiese ontwikkeling, oog-hand-koördinasie, fyn motoriese vaardighede, taalontwikkeling, leer om te deel en beurte te maak. Doelwitte moet met die aktiwiteit verband hou. (5)	(12)
AFSLUITING			
Ruim op OF enige ander relevante aktwiteit. (2)	Alle hulpmiddele Snippermandjie Hulpmiddele moet met aktiwiteit verband hou. (2)	Leer oor higiëne. Beëindig les. Doelwitte moet met die aktiwiteit verband hou. (2)	(6)
			[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou